# *Nuwe Lied Bediening*

*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Mizmor40:3.*

Beide *Chanukkah* en *Purim* is feeste wat wel in die bladsye van die Skrifte gevind word, maar is egter nie deel van die feestye (vasgestelde tye) van יהוה soos ondermeer in Levitikus 23 opgeteken is nie. Daarom is dit nodig om oor die viering van hierdie feeste te besin, asook om te besin oor die betekenis daarvan en oor die plek wat dit in ons geloofslewe behoort in te neem.

Beide *Chanukkah* en *Purim* is geskiedkundige gebeure waar Yisra'el uitwissing in die gesig gestaar het, maar op 'n bonatuurlike wyse gered was deur die ingryping van יהוה. Dit op sigself is genoeg rede om hierdie gebeure op gepaste wyse in herinnering te roep, maar nie as deel van die vasgestelde feestye van יהוה nie en ook nie noodwendig op die wyse waarop dit deur die hedendaagse Jode gevier word nie.

Die gebeure wat aanleiding gegee het tot die instelling van *Chanukkah* gaan terug na die jaar 171 voor Yeshua, dié Gesalfde Een, toe Antiochus IV, ook bekend as Antiochus Epifanus, die regeerder geword het van Sirië en Judea. Antiochus het aan homself die naam Epifanus gegee, wat beteken "god gemanifesteer", want hy het homself beskou as die god wat oorhoofs oor al die ander gode is. Hy wou eenheid in sy ryk bewerkstellig deur 'n Hellenistiese (Griekse) kultuur te vestig en derhalwe het hy die Hebreeuse (Joodse) geloof en kultuur as 'n struikelblok in die weg hiervan gesien. Gevolglik het hy die Y'hudahiete (dit is die Jode) onderdruk en vervolg deur hulle te verbied om hulle geloof uit te leef. Antiochus wou nie noodwendig die Y'hudahiete fisies uitwis nie, maar hy wou hulle dwing om sodanig met die Griekse kultuur vermeng te raak dat hulle Hebreeuse (Joodse) identiteit uiteindelik totaal verlore sou gaan en hulle nie meer יהוה, die God van Avraham, Yitz'gak en Ya'akov sou dien nie – algehele assimilasie.

Die gebeure wat aanleiding gegee het tot die jaarlikse herdenking van *Purim*, verskil hemelsbreed van dié van *Chanukkah* in die opsig dat die Y'hudahiete fisiese uitwissing in die gesig gestaar het. Later meer hieroor.

**Hou in gedagte:** haSatan se doelwit deur die eeue is om van die God van Yisra'el "ontslae" te raak deur יהוה se ware outoriteit, karakter en hoedanighede verkeerdelik weer te gee (of te verdraai) op só 'n wyse dat mense die leuen sal glo en wegdraai van Hom af. Tweedens wil hy Yisra'el en יהוה se volk fisies vernietig!!

Met die gebeure aangaande *Chanukkah* wou haSatan die God van Yisra'el "vernietig" deur Sy Naam uit te wis op so 'n manier dat Yisra'el nie meer die ware Lewende God sou ken nie, terwyl haSatan vir Yisra'el fisies wou uitwis met die gebeure aangaande *Purim*. Hierdie patroon is etlike kere deur die eeue herhaal. Dink maar aan al die gebeure waar daar gepoog is om die Y'hudahiete (Jode, Yisra'el) uit te wis, hetsy deur fisiese uitwissing of gedwonge vermenging met ander groepe en kulture. Die uitwissing van miljoene Jode gedurende die Tweede Wêreldoorlog is nog vars in ons geheue! Die psalmdigter het reeds eeue gelede hierdie profetiese woorde gespreek:

> 4 Hulle het gesê: "Kom, laat ons hulle vernietig vanuit tussen die nasies sodat die naam van Yisra'el nie meer onthou word nie,
> 5 want hulle het saamgestem met een verstand, wil en emosie; hulle het saamgestaan teen U.
> Ons sien hierdie profesie in Mizmor 83:4-5

HaSatan doen alles moontlik om te verhinder dat mense יהוה, die God van Avraham, Yitz'gak en Ya'akov waarlik kan ken. Selfs Christene se ongehoorsaamheid spruit uit hulle onkunde van Wie die enigste Ware Lewende God, יהוה is, asook van Sy Karakter en Outoriteit (of Sy Naam). Ons Vader belowe egter dat ons Hom en Yeshua persoonlik kan **ken** (kyk gerus na die volgende verse: Mattityahu 11:27; Yochanan 14:7; Yochanan 17:3; Hebreërs 8:10 en 11 en laastens 1 Yochanan 5:20). Dit is belangrik om יהוה te ken, want Hy sal diegene wat Hy **nie ken nie**, weg wys van die deur van die Koninkryk. Bevestig dit gerus deur te lees wat hierdie verse sê: Mattityahu 7:21 tot 24; Mattityahu 25:12 en Luka 13:25). Ons moet dus strewe om יהוה, ons God en Vader, te ken, maar dit is nog meer belangrik om seker te maak dat Hy ons ken as studentevolgelinge van Sy Seun!!

Ons sien vandag dat verskeie geskiedkundige gebeure besig is om herhaal te word. Ons is almal bewus van die feit dat Iran (dit is die antieke Persië) en sy Moslem bondgenote daarop uit is om Yisra'el te vernietig! Gaan die gebeure wat aanleiding gegee het tot die instelling van *Purim* moontlik in ons leeftyd herhaal word? Is die Iranese leiers, asook ander Moslemsleiers en vyande van Yisra'el, die hedendaagse Haman? Die vraag is dan ook: Wie is bereid om soos Ester en Mordekhai hulle lewens te waag, hul lewens as 't ware op die spel te plaas, om openlik vir Yisra'el in te tree en te ondersteun? Hou in gedagte dat daar 'n fisiese en 'n geestelike Yisra'el is en beide het gemeenskaplike vyande!

***Purim* – Die Fees van Ester**

In die boek van Ester, hoofstuk 9:1-2, lees ons die volgende:

> 1 In die twaalfde maand, dit is die maand Adar, op die dertiende van die maand, toe die bevel van die koning en sy wet uitgevoer sou word, op die dag dat die vyande van die Y'hudahiete gehoop het om hulle te oorweldig, alhoewel die bevelskrif tot die teenoorgestelde gedraai is sodat die Y'hudahiete oor hulle haters sou heers,
> 2 het die Y'hudahiete saamgekom in hulle stede in al die provinsies van koning Agashverosh om hulle aan te val wat hul skade soek en niemand kon hulle weerstaan nie, want vrees vir hulle het op al die volke geval.
>
> Dan sien ons verder, in verse 20 tot 25:
>
> 20 Mordekhai het hierdie dinge neergeskryf en briewe gestuur aan al die Y'hudahiete wat in al die provinsies van koning Agashverosh was, naby en ver,
>
> 21 om ooreen te kom dat hulle die veertiende dag en die vyftiende dag van die maand Adar jaarliks moet vier
> 22 as die dae waarop die Y'hudahiete gerus het van hulle vyande en die maand wat vir hulle van smart tot vreugde en van rou tot 'n feesdag verander is en dat hulle dit dae van feesviering en vreugde moet maak en porsies kos vir mekaar stuur en geskenke vir die armes.
> 23 Die Y'hudahiete het dit aanvaar om te doen soos hulle begin het en soos Mordekhai vir hulle geskryf het,

> **24** want Haman, die seun van Hammedatha, die Agagiet, vyand van almal van Y'hudah, het beplan om hulle uit te roei en het die lot (in Hebreeus die *pur*) gewerp om hulle te vernietig en uit te roei.
> **25** Toe Ester voor die koning gekom het, het hy laat neerskryf: "Laat die bose plan wat teen die Y'hudahiete gesmee is, terugkeer op die kop van hom wat hulle beplan het en laat hy en sy seuns aan die galg opgehang word".

Die woord *Purim* is die meervoud van die woord *pur wat* beteken "lot, lotery, of om die lot te werp"; vergelyk dit met Ester 9:24 en 26), want die dag waarop Haman die Y'hudahiete wou uitroei is bepaal deur die lot te werp, soos ons lees in Ester 3:7-13). Daarom is hierdie fees ook bekend as die Fees van Lotgevalle (*Feast of Lots*), maar meer algemeen bekend as die Fees van Ester.

*Purim* word volgens die Joodse burgerlike kalender jaarliks op die 14^de^ dag van Adar gevier. Volgens die Gregoriese kalender is hierdie feesdag gewoonlik gedurende Maart, maar soms ook teen laat Februarie. Aangesien *Purim* altyd een maand voor Pesag gevier word, sal dit in 'n skrikkeljaar in die dertiende maand, naamlik die tweede Adar-maand, ook genoem Adar twee, gevier word.

*Purim* word op 14 Adar gevier, want die 13^de^, (die dag wat Haman die Y'hudahiete wou uitwis, volgens Ester 3:13, word beskou as die dag wat die "veldslag" (of geveg) plaasgevind het. Die oorwinning is dus op die 14^de^ aangekondig. Die 15^de^ van Adar word as *Shushan Purim* gevier op grond daarvan dat die oorwinning eers een dag later behaal is in die ommuurde stad *Shushan,* (of Susan in ouer vertalings) waar koning Agashverosh gewoon het.

Soos reeds genoem is *Purim*, net soos *Chanukkah*, nie een van die vasgestelde tye (feestye, Vader se *mo'edim*) nie, soos dit volgens Levitikus 23 deur יהוה ingestel is, en daarom kan dit nie beskou word as 'n "amptelike" afspraak met die Vader nie. Dit het egter 'n geskiedkundige oorsprong en daar word wel in die Skrifte na hierdie fees verwys. Beide *Purim* en *Chanukkah* word jaarliks gevier op grond van hierdie belangrike gebeure wat Yisra'el se geskiedenis beïnvloed het, en waarskynlik ook die geskiedenis van die wêreld.

Die feit dat *Purim* nie Torah-gefundeer is nie, dit wil sê nie volgens die eerste vyf boeke van Mosheh enige grondslag het nie, laat by sommige die vraag of hierdie fees hoegenaamd gevier behoort te word. Die doel van hierdie studie is dan ook nie noodwendig om uitsluitsel oor die saak te probeer gee of om enigsins voorskriftelik te wees nie. Dit is wel belangrik om sekere feite kortliks te bespreek aangaande die gebeure wat aanleiding gegee het tot die instelling van hierdie fees en in die lig daarvan 'n ingeligte besluit te kan neem oor die viering daarvan al dan nie.

Hoewel יהוה, ons Vader, nie Sy kinders (Yisra'el) beveel het om hierdie fees te gedenk nie, moet ons egter eweneens besef dat hierdie fees ingestel is na aanleiding van 'n geskiedkundige gebeurtenis wat weer in die eindtye herhaal gaan word. Diegene wat Torah bestudeer sal weet dat in Torah, maar ook deurgaans in die Woord van יהוה, daar 'n patroon ('n heenwysing, skadubeeld) gevestig word wat herhaal sal word. Yesha'yahu stel dit duidelik, in hoofstuk 46 verse 9 en 10, dat die einde deur die begin bekend gemaak sal word:

> **9** Onthou die dinge wat van ouds af was, want Ek is God en daar is geen ander nie; Ek is God en daar is niemand soos Ek nie;
> **10** wat van die begin af die einde verklaar en van die ou tyd af dinge wat nog nie gedoen is nie; wat sê: 'My plan sal stand hou en Ek sal al My begeertes uitvoer.

Sha'ul herinner ons ook aan hierdie waarheid, soos ons kan sien in 1 Korinthiërs 10:11:

> Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as ’n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom.

Soos reeds genoem, sal die geskiedkundige gebeure wat tot die instelling van *Purim* aanleiding gegee het, weer in die laaste dae herhaal word. Soos in die dae van Ester en Mordekhai sal יהוה weer gedurende eindtydgebeure tot die redding kom van Sy uitverkore volk – selfs al sal Yisra’el soos van ouds ontrou wees en almal nie na die beloofde land terugkeer nie. *Purim* dien dus ook as een van die waarskuwings aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. Dit is egter ook ‘n bemoedigende herinnering dat יהוה, die Almagtige, in beheer is en dat alles volgens Sy Raadsplan sal geskied.

*Purim* is dus vir ons daargestel as ‘n herinnering van יהוה se genade en van Sy plan van herstel van Yisra’el. Hierdie is dan sekerlik genoegsame rede waarom hierdie gebeurtenis gedenk behoort te word! Dit herinner ons aan wat gebeur het en is ‘n voorbeeld en waarskuwing aan ons op wie die einde van die wêreld gekom het. *Purim* is ryk aan geestelike lesse waaruit ons kan leer en, derhalwe, rede om dit jaarliks op **gepaste** wyse te herdenk en in ons lewens toe te pas.

Van al die Joodse feeste is *Purim* die vrolikste. Dit is die herdenking van ‘n tyd toe die Y’hudahiete wat in Persië gebly het van versekerde uitwissing gered was. Die helde in die storie is Ester en haar neef Mordekhai. Ester se Hebreeuse naam was Hadassa, volgens Ester 2:7. Dit is afgelei van die woord, hadas, 'n mirteboom. Volgens wat ons lees in Skrif, het sy die boom se karakter hoog gehou in soverre dat sy 'n mooi vrou was en ook self 'n sterk karakter gehad het. Later 'n bietjie meer hieroor. Laat ons egter eers die gebeure kortliks bespreek wat aanleiding gegee het tot die instelling van *Purim*.

**Die Geskiedenis**

Hierdie gedeelte van Yisra’el se geskiedenis het plaasgevind in antieke Persië, wat vandag bekend is as Iran. Dit was tydens die koningskap van Agashverosh, wat ook bekendgestaan het as Xerxus I, gedurende die jare 486 tot 465 voor Yeshua. Dit was ook in die tyd, kort nadat ‘n klein gedeelte van die Y’hudahiete wat in ballingskap in Persië was, met die toestemming van die voorganger van Agashverosh, koning Koresh, na Yisra’el teruggekeer het om die tempel te herbou. Ons lees hierdie in Esra 1:1-4. Terloops, die bekende 18de eeuse Italiaanse opera van Georg Friedrich Händel, Xerxes, of in Italiaans Serse, is losweg gegrond op die lewe van hierdie regeerder. Aanhangers van die kunste sal bekend wees met die openingsaria, Ombra mai fú, sommer ligweg net bekend as Largo, ten spyte van die term “larghetto” wat aan die musiek gekoppel is.

Terug by die geskiedenis...

Die boek van Ester gee vir ons ‘n volledige vertelling van die geskiedkundige gebeure wat uiteindelik aanleiding gegee het tot die instelling van *Purim*. Baie kortliks kan die hele boek soos volg opgesom word:

Ester was ‘n skoonheid van Hebreeuse herkoms en is deur koning Agashverosh gekies as sy nuwe koningin in die plek van koningin Vashti. Sy het die komplot aan Agashverosh blootgelê waarin die onderduimse en arrogante Haman beplan het om al die Y’hudahiete op ‘n bepaalde datum dood te maak. Hierdeur het sy die Y’hudahiete, met die hulp van Mordekhai, van gewisse uitwissing gered. Op grond hiervan het Agashverosh ten gunste van die Y’hudahiete besluit en Haman het aan die galg gesterf wat eintlik vir Mordekhai bestem was. Mordekhai is deur Agashverosh in die plek van Haman aangestel en na aanleiding van hierdie reddende genade van יהוה, is die jaarlikse fees van *Purim* (Fees van Ester) ingestel.

Die eerste held, eintlik heldin, in hierdie gebeure is Ester wat haar lewe gewaag het om sonder uitnodiging na koning Agashverosh te gaan en hom, asook Haman, na ‘n feesmaal te nooi. Volgens protokol kon sy slegs op sy versoek aan die koning verskyn, maar hier het sy hom en Haman uitgenooi vir 'n feesmaal waartydens sy die komplot van Haman teen die Y’hudahiete bekend gemaak het. Die ander held in die verhaal is Mordekhai, die neef van Ester, wat openlik die gesag en bevele van Haman verontagsaam het en aan Ester die nodige ondersteuning gebied het om haar taak uit te voer. Mordekhai is ook die een wat met ware berou (*t’shuva*) hom voor יהוה verootmoedig het en al die ander Y’hudahiete aangemoedig het om dieselfde te doen.

Beide Ester en Mordekhai het sekerlik besef dat die grondliggende oorsaak van hul benarde situasie toe te skryf is aan die ongehoorsaamheid van die gedeelte van die volk in Persië wat nie na die beloofde land, Yisra’el, teruggekeer het nie. Was dit nie ondermeer die rede waarom Ester, Mordekhai en die volk vir drie dae gevas het nie? Kyk gerus wat geskryf is in Ester 4:16.

Hierdie geskiedenis is maar net deel van die vele handelinge van יהוה met sy volk. Dit is weereens bewys dat יהוה getrou bly al is Sy bruid, Sy uitverkore koninklike priesterdom, ontrou. *Purim* is die bevestiging dat יהוה se onverdiende guns vir ewig sal bestaan en toeganklik sal bly vir elkeen wat met ware berou tot God nader. Soos iemand dit gestel het: *There may be a thousand good reasons for two people not to marry. But true love overcomes them all. Indeed, true love is why God still cares for us, and why we still care for Him.*

Haman was ‘n afstammeling van die anti-semitiese Amalekiete wat daarop uit was om die “probleem van die Y’hudahiete” op te los deur hulle uit te wis. Hierdie haat teen die Y’hudahiete was gegrond op etniese groepering en was deur die eeue verskeie keer herhaal; nog steeds vandag is dit die wortel van alle haat teen Yisra’el en enige een wat met Yisra’el en die Jode medelye het. Haman se haat teenoor die Y’hudahiete het ondermeer gespruit uit die feit dat die Y’hudahiete se wette anders was as die van enige ander volk, maar nog steeds het hulle die landswette ook gehoorsaam. Ons lees dit in Ester 3:7-8:

> **7** In die eerste maand, dit is die maand Nisan, in die twaalfde jaar van koning Agashverosh, het hulle die lot voor Haman gewerp vir elke dag en vir elke maand. Toe op die twaalfde maand, dit is die maand Adar,
> **8** sê Haman vir koning Agashverosh: “Daar is ’n sekere volk wat verstrooid en afgesonderd is tussen die volke in al die provinsies van koning Agashverosh en hulle wette is anders as dié van enige ander volk en hulle hou nie die wette van die koning nie; daarom moet die koning hulle nie spaar nie.

Die leuen wat Haman verkondig het, is ook by herhaling deur die eeue verkondig en is grootliks die rede vir die haat teenoor יהוה se volk. Anti-semitisme se oorsprong is dus etnies, asook omrede die Y’hudahiete, en die nie-Y’hudahiete wat op die mak olyfboom ingeënt is, ook ander wette gehoorsaam as net landswette. Hierdie andersheid is te vinde in **Torahgehoorsaamheid**. Dit is ‘n gees van Haman (‘n Amalek-gees) wat heers in elkeen wat Jode haat. Ons kan waarlik sê: Profesie is geskiedenis in wording en die einde sal deur die begin bekend gemaak word. Anti-semitisme is wêreldwyd aan die toeneem en word selfs in die kerk gevind. *Purim* herinner ons juis ook aan hierdie werklikheid!!

Die boek van Ester is dan ook die enigste boek in die Skrifte waar die Naam van die Almagtige nie voorkom nie of waar daar geen direkte verwysing na יהוה is nie. Dit is juis om hierdie rede dat sommige mense van mening is dat die boek van Ester nie deel van Skrif moet wees nie. Hierdie is dan ook die bewys dat יהוה soms “agter die skerms” werk om Sy doel en plan uit te voer op wyses

wat ons nie altyd besef of verstaan nie. Waarlik, יהוה is ons God en Vader van genade!! Hy is in beheer, soos ons sien in B'midbar 23:19:

> Die Magtige God is nie 'n man dat Hy sou lieg nie, of 'n mensekind dat Hy jammer sal wees nie. Het Hy gesê en sal dit nie doen nie, of het Hy gepraat en sal dit nie waar maak nie?.

**Wat Leer *Purim* Ons?**

Die gebeure rondom *Purim* is ryk aan geestelike betekenis. Ons kan ook baie leer uit die karakters en gesindhede van die hoofrolspelers van hierdie geskiedkundige drama. Dit is veral Ester wat die aandag aangryp.

Ons weet dat 'n naam 'n bepaalde betekenis het volgens Hebreeuse kultuur. Die Naam Ester is van Persiese oorsprong en beteken waarskynlik *ster*, maar haar Hebreeuse naam is *Hadassa* wat mirtebos of mirteboom (*myrtle*) beteken. Dit is 'n immergroen boom, soos ons ook kan aflei van Ester se karakter. Die mirtebessiebos is een van die vier plantspesies van die *lulav* wat tydens Sukkot, ook bekend as die Fees van Tabernakels, as lofoffer gewuif word. Simbolies verteenwoordig die mirtebessie die oë van 'n persoon.

Daar word van Ester gesê dat sy nie net die uiterlike dinge opgemerk het nie, maar dat sy ook die innerlike en die verskuilde kon "sien" **[**Volgens sommige bronne is die oorsprong van die naam van Ester afkomstig vanaf die Hebreeuse woord *saiter* wat *verborgenheid* beteken**]**. Ester kon met die oë van יהוה die onsienlike sien. Dit het meegebring dat Ester oor 'n innerlike sterkte en vertroue beskik het wat haar bereidwillig gemaak het om selfs haar lewe op te offer vir 'n saak van geregtigheid. Sy was 'n lofoffer ('n mirtebessie) wat voor יהוה gewuif was in die dae toe Yisra'el uit die hand van Haman gered is. Is dit nie hoe ons ook behoort te wees nie, naamlik om verby die sigbare te kyk en met vertroue in יהוה deur die onverdiende guns in Yeshua die onsigbare raak te sien wat van ons bereidwillige diensknegte van יהוה maak? Is ons, soos mirtebessies, deel van die lofoffer voor God?

Ester was 'n dapper vrou wat nie gehuiwer het om standpunt in te neem teen die bose nie. Sy het dit egter gedoen met die regte gesindheid, volgens 1 Kefa 3:1-4; deur vas en gebed en sonder om te skroom om die waarheid te openbaar.

Dit was egter nie net Ester wat haar lewe gewaag het nie, maar ook Mordekhai. Hy was bereid om openlik te weier om sy knie voor Haman te buig, kyk na Ester 5:9, al kon dit sy dood beteken. Mordekhai het ook die voorbeeld gestel deur openlike berou met sak en as, daarom het baie van die Y'hudahiete sy voorbeeld gevolg; ons lees dit in Ester 4:1-3. Is ons bereid om soos 'n Mordekhai ons voor God sigbaar en hoorbaar te verootmoedig, veral vir 'n saak waar ons medemens die lydende party is?

Die les wat ons leer uit die optrede van beide Ester en Mordekhai, is dat ons bereid moet wees om ons lewens te waag vir die Koninkryk van יהוה. Alhoewel ons 'n koninklike priesterdom is, volgens 1 Kefa 2:9, kan ons nie verwag om gepamperlang te word nie, want ons is immers ook krygsmanne, atlete en landbouers. Lees gerus wat sê 2 Timotheos 2:3-6 en besef dan ook volgens Efesiërs 6:12 dat ons in 'n geestelike oorlog gewikkel is. Om krygsman, atleet en landbouer te wees vereis egter opoffering, toegewydheid en harde werk – amper soos in 'n geestelike "gym"!

Soos Ester is ons ook geroep vir hierdie taak. Indien ons nie bereid is om vir die Koninkryk te waag nie, sal יהוה wel iemand anders kry, terwyl ons dan die gevolge van ons stilswye en waagloosheid, amper iets soos lafhartigheid, sal moet dra. Ester 4:14 beskryf wat jou toekoms sal inhou.

*Purim* leer ons ook dat יהוה ‘n God is van wonderwerke. Daar is die duidelike sigbare wonderwerke waar God Homself prominent openbaar, soos byvoorbeeld tydens Pesag. Dan is daar die wonderwerke waar God verskuil is, soos *Purim*. Beide is die werking van die Almagtige. Ons is egter geneig om altyd net op die “sigbare” wonderwerke te wil fokus en die “verskuilde” wonderwerke te vergeet, daardie wat so stilletjies kom en gaan. Is ons alledaagse lewe nie ook ‘n wonderwerk nie? Weet ons regtig by hoeveel geleenthede Vader “agter die skerms” en sonder ons bewuswording ‘n wonderwerk in ons lewens doen? Dink aan 'n goeie bui reën in 'n droogtegesteisterde gebied. *Purim* is ‘n herinnering hieraan!! HaSatan is voortdurend besig om die lot te werp om ‘n dag te bepaal om van jou te steel, te slag en te verwoes, maar Yeshua het gekom dat jy lewe in oorvloed kan hê; gaan kry vir jou daardie belofte waarvan Yochanan 10:10 ons leer. Is elke dag nie rede tot feesviering nie? Elke dag getuig van ons Vader se reddende onverdiende guns!!

Die Y’hudahiete wat in Persië agtergebly het, nadat koning Koresh toestemming gegee het dat hulle kan terugkeer na Yerushalayim, het begin vermeng met die Persiese kultuur en leefwyse. Hulle het voorspoed ervaar, maar die belofte van die beloofde land vergeet. Materialisme het die oorhand begin kry. Is dit nie die gevaar wat ons elkeen in die gesig staar nie? Vergeet ons nie te maklik ons roeping en eindbestemming nie? Soms kos dit ‘n Haman om ons uit ons slaap wakker te maak!

Haman is ‘n afbeelding van elkeen wat die uitwissing van Yisra’el (die Y’hudahiete) beplan of op enige wyse die volk van יהוה te wil nakom, as gevolg van die aandrywing deur anti-semitisme. Dit wat Haman beplan het, het toe eintlik die lot van hom en sy huisgesin geword. Haman dien dus as waarskuwing en herinnering dat יהוה vir ewig getrou sal bly aan Sy belofte aan Avraham: “En Ek sal diegene seën wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek”; verfris jou geheue met B'reisheet 12:3. Elkeen wat vertrou in Yeshua as dié Gesalfde Een is die nageslag van Avraham; kyk hoe beskryf Sha’ul dit vir ons in Galatiërs 3:7. Elkeen wat vertrou in Yeshua as dié Gesalfde Een is ook deel van Yisra’el, en daarom sal diegene wat die nageslag van Avraham vervloek (of verfoei of verafsku) uiteindelik die oordeel van Haman ontvang. Mag יהוה ook in hierdie tye sy volk spoedig verlos van die hedendaagse Hamans!!

‘n Verskuilde vorm van anti-semitisme word in die kerk gevind deur sommige wat verklaar dat Yisra’el vervang is deur die kerk. Aan die ander kant van die skaal is daar diegene wat verklaar dat hulle, as die verlore stamme, die ware Yisra’el is en nie die Y’hudahiete wat huidig in Yisra’el is nie, en daarom glo hulle dat hulle moet terugkeer (*aliyah*) na Yisra’el. Beide groepe verkondig suiwer leuens en openbaar die gees van Haman.

*Purim* is ook ‘n waarskuwing teen die gees van Haman wat niks anders is nie as om selfondergang te bewerkstellig. Ons as nie-Jode (vreemdelinge) is ingeënt op die mak olyfboom. Ons “vervang” nie die Y’hudahiete nie en ons voorouers is nie noodwendig Y’hudahiete van die tien stamme wat “verlore geraak” het nie. Ons harte klop in ritme met die Vaderhart, want die land Yisra’el en die volk Yisra’el is Sy eiendom! *Purim* herinner ons aan hierdie waarheid!

**Op Watter Wyse Word *Purim* Gevier?**

Die Joodse kultuur (Judaïsme) is ryk aan simboliek en tradisies. Deur die eeue is daar baie simboliek en tradisies byvoeg wat ook in die hedendaagse viering van *Purim* voorkom. Die oorsprong hiervan is nie altyd bekend nie en sommige tradisies behoort ernstig bevraagteken te word. So byvoorbeeld is dit volgens die Talmud “toelaatbaar” om tydens die eet van die *Purim* feesmaal soveel wyn te drink dat daar nie meer onderskei kan word nie tussen “geseënd is Mordekhai” en “vervloek is Haman”. Daar is egter ander tradisies wat as Skriftuurlik beskou kan word en wat meer gepas is om uit vrye wil te volg. Die bekendste is die volgende:


- Die eet van 'n feesmaal saam met familie en vriende is bo aan die lys! Dit staan bekend as *Se'udah* – deelname aan 'n feesmaal, soos ons sien in Ester 9:22.

- 'n Feestelike, en dikwels 'n karnaval-tipe atmosfeer is ook kenmerkend van die viering van *Purim* en kinders neem graag deel hieraan.

- Sommige Jode vas die dag voor *Purim*, op 13 Adar. Dit staan bekend as die vas van Ester waartydens sy haarself voorberei het om haar lewe te waag om na koning Agashverosh te gaan. Hou in gedagte dat sy net op uitnodiging van die koning na hom toe kon gaan, andersins kon dit haar lewe gekos het! Ter voorbereiding het sy en die volk vir drie dae gevas, soos ons netnou ook in Ester 4:16 gesien het.

- Die lees van die *Megillat Ester* (boekrol van Ester) is die belangrikste van hierdie feesdag. Daar is vyf boeke in Skrif wat as die *megillot* (boekrolle), bekend staan, naamlik: Ester, Rut, Klaagliedere, Prediker en Hooglied. Die enkelvoud is *megillah* en slegs Ester kry die benaming *megillah* vooraan.

- Tydens die lees van die *megillah* word daar geraas gemaak telkens wanneer Haman se naam genoem word. Dit word gedoen deur die voete te stamp, hom uit te jou of met die hulp van 'n *greggor* of met enige iets wat lawaai maak. Die bedoeling is om Haman se naam uit te wis.




'n *Greggor* (*rattle*; rammelaar; "geraasmaker")

- Die gee van lekkernye aan mekaar en aan die behoeftiges is ook deel van die tradisie van *Purim*. Hierdie gebruik staan bekend as *shalach manos* en die letterlike betekenis daarvan is "die stuur van porsies". Een van die bekende lekkernye tydens hierdie feestyd is 'n driehoekvormige koekie met vrugte gevul bekend as *hamentaschen.* Letterlik beteken dit "Haman se sakke" (vol geld!), maar dit verwys ook na Haman se driehoekvormige hoed en ook na sy ore.

Uiteraard is *Purim* nie 'n Shabbat nie, hoewel sommige glo dat geen werk gedoen moet word nie uit eerbetoon vir hierdie geskiedkundige gebeurtenis.

**Opsomming en Gevolgtrekking**

Sommige mense vier Purim en ander nie, bloot gegrond op hul oortuiging dat die boek van Ester deel is van die TaNaKh (ou testament) al dan nie. Diegene wat die boek van Ester se geloofwaardigheid betwyfel, is ook meestal diegene wat die viering van *Purim* sal bevraagteken. Indien jy egter glo dat die boek van Ester deel is van die Tanakh, en indien jy, soos ek, 'n getuienis het dat Vader-יהוה jou lewe gespaar het toe jy soos Yisra'el van ouds in ongehoorsaamheid aan Torah geleef het, dan sal jy

graag *Purim* wil gedenk. Jy sal dit doen in die wete dat dit nie deel is van die Vader se vasgestelde tye nie, maar jy sal dit wil doen vanweë die geestelike en persoonlike betekenis wat dit vir jou het en omrede jy 'n liefde vir Yisra'el en die Y'hudim het.

Ons as gelowiges wat weet dat Yeshua dié Gesalfde Een is wat reeds gekom het hoef nie *Purim* te vier nie, veral nie op die wyse wat Judaïsme dit vandag doen nie. Dit is byvoorbeeld nie nodig om ons vreugde deur oordadige gebruik van wyn of sterk drank aan te help nie, want ons vreugde is Yeshua, dié Gesalfde Een. Ons kan wel ons vreugde en dankbaarheid teenoor יהוה op verskillende wyses sigbaar demonstreer.

Ons medelye en openlike ondersteuning van Yisra'el is waarskynlik die belangrikste wyse hoe ons Purim kan gedenk. Is *Purim* nie juis die geleentheid om vir die Jode in te tree nie dat die sluier van hulle weggeneem sal word sodat hulle die groter heerlikheid van die gekruisigde en opgestane Yeshua sal sien – 'n heerlikheid groter as die geskrewe Torah. Yeshua is immers die vleesgeworde Torah en die ware verlossing van Yisra'el!! Dit is 'n belofte van יהוה wat waarskynlik in ons leeftyd vervul gaan word. Ons is deel van Yisra'el! Mag *Purim* ons ook hieraan herinner!

Kan jy en ek bekostig om *Purim* stilswyend te laat verbygaan? Is ons nie juis vir 'n tyd soos hierdie deur die Koning van konings gekies om tot die geestelike stryd teen die Hamans van hierdie eeu toe te tree nie?

> **13** Toe sê Mordekhai vir hom om Ester te antwoord: "Moenie by jouself dink dat jy, meer as die ander van Y'hudah, sal ontsnap omdat jy in die koning se huis is nie,
> **14** want as jy heeltemal stilbly in hierdie tyd, sal daar verligting en redding vir hulle van Y'hudah vanaf 'n ander plek kom, maar jy en jou vader se huis sal vernietig word en wie weet of jy nie geroep was om na die koninkryk te kom vir 'n tyd soos hierdie nie?" Ester 4:13-14.

*Purim* is die geleentheid om fees te vier omrede ons Yisra'el is. En wanneer die vervolgings kom en die gees van Haman in die vals gesalfde (die anti-messias) manifesteer, dan kan ons opkyk in die wete dat ons verlossing naby is, soos vir ons beskryf word in Ya'aqov 5:8. Die keer sal Yeshua self ons red uit die hand van enige tipe "Haman".

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*